# DIE GESKIEDENIS IN DIE ACTAS VAN DIE GKSA OOR DIE PLEK VAN DIE VROU IN DIE KERK

**(Afgekort: VIDA = Vrou in die amp)**

\

*- saamgestel deur ds. PA Coetsee (Stilbaai) -*

## INHOUDSOPGAWE

**1. Sinode 1973 (Acta 1973:105 ev, Artikel 35) .... 4**

**2. Sinode 1979 ( Acta 1979:564,565, art. 164,165) .... 4**

**3. Sinode 1982 (Acta 1982:501,502, Artikel 130, 131) .... 4**

**4. Sinode 1985 (Acta 1985:331, artikel 82) .... 4**

**5. Sinode 1988 (Acta 1988:502 ev., Art. 97) .... 5**

5.1 Die Sinode besluit oor **vrouestemreg:** .... 5

5.2 Die Sinode besluit oor die **vrou in die besondere ampte**: .... 5

**6. Sinode 1991. .... 5**

**7. Sinode 1994. (Acta 1994:467-488, Art. 22.11) .... 5**

7.1 Klassis Boland dien 'n beswaarskrif in teen die besluit van die Nasionale Sinode 1988 oor die verkiesbaarheid van vrouelidmate in die besondere ampte/dienste in die kerk. Die Suidelike Partikuliere Sinode bevind dat die beswaarskrif genoegsame rede het om aan die Nasionale Sinode deurgestuur te word. .... 5

7.2 Belangrike beoordeling van die kommissie. .... 5

**8. Sinode 1997 .... 6**

**8.1 Beswaarskrif** .... 6

**8.2 Beskrywingspunt (Acta 1997, art 21.9)** .... 7

**9. Sinode 2000 .... 8**

9.1 Sinode Acta 2000:437, art 21.7) .... 8

9.3 Sinode Acta 2000:415, Art 21.2. .... 8

**10. Sinode 2003 .... 9**

10.1 Beswaarskrif WC Vergeer en JJ Janse van Rensburg teen besluite van die Sinode 1988 – die vrou in die besondere ampte (Art 8,43.4,234) .... 9

10.2 Rapport Studiedeputate (Opdrag Sinode Acta 2000:440, pt 21.8) .... 10

10.3 Besluit oor toelating van vroue tot die diakenamp. (Acta 2003:591, Art 21.11 E punt 4) 10

10.4 Besluit oor Morele Standaarde – Seksualiteit (Acta 2003: 748-752, art. 26.5) .... 10

**11. Sinode 2006 .... 11**

**12. Sinode 2009 .... 12**

**12.1 Sinode 2009 Januarie 2009** .... 12

**12.2 Sinode 2009 Julie 2009.** .... 15

**13. Sinode 2012 .... 16**

13.1. Die volgende beswaarskrifte is ingedien: (Acta 2012:32 -36) .... 16

13.2. Die Sinode besluit (Acta 2012:352,353) .... 17

**14. Sinode 2015 .... 18**

**14.1 Rapport Deputate eenheid in verskeidenheid (Acta 2015:304, art 21)** .... 18

**14.3 Die volgende omskrywing van wesenlike sake en nie-wesenlike sake word goedgekeur (Acta 2015: 323)** .... 20

**15. Buitengewone Algemene Sinode 2016 .... 21**

**15.1. Die volgende beswaarskrifte op agenda:** .... 22

**15.2. Beswaarskrif GK Potchefstroom-Die Bult teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant . (Acta 2016:132,133)** ........................23

**16. Sinode 2018.......................................................................................... 24**

**16.1 Besluit oor Spesiale Sinode** ..........................................................................24

16.2 BESKRYWINGSPUNT (IN TERME VAN KO, ART 46) – GK POTCHEFSTROOM-OOS OOR DIE VROU IN DIE BESONDERE DIENSTE AS ‘N NIE-WESENTLIKE SAAK (Art 115, 299) ..................................................................................................................24

13.3 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE RANDVAAL – VROU IN BESONDERE DIENSTE AS ‘N NIE-WESENTLIKE SAAK (Artt 117, 297) ..............................................25

16.4. Beswaarskrifte teen besluite oor vroue in die besondere dienste het nie geslaag nie....25

**17. Sinode 2023, Art 21.6 ........................................................................... 25**

**17.1 BESKRYWINGSPUNT VAN STREEKSINODE PRETORIA – BINDING AAN SINODEBESLUITE OOR VROUE IN BESONDERE DIENSTE (Art 36)** ...............................25

**17.2. Adviesvraag Streeksinode Noordwes (Art. 21.5)** ..................................................26

**18. Sinode 2026.......................................................................................... 26**

**18.1 Brief aan kerke**..........................................................................................26

18.2 Besluit oor die hantering van kredensiebriewe. ..........................................................28

1. **Sinode 1973 (Acta 1973:105 ev, Artikel 35)**
   In die Rapport van Deputate na die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) in Sydney (14-25 Augustus 1972) word die volgende vermeld: (Acta 1973:118-119, Artikel 35)
   "3. That Synod reaffirm that it is the teaching of Scripture that women are excluded from the office of ruling and preaching elders. Nevertheless, recognizing that there are member churches who at present hold a position and practice contrary to the above affirmation, Synod requests the member churches .... to study this question *on the basis of Scripture* ........." Die studie moet dan gestuur word vir behandeling tydens Gereformeerde Ekumeniese Sinode in 1976.

   Ten opsigte van die amp van diaken besluit bogenoemde Sinode (GES):
   "4.1. reaffirm its decision in 1968, vi: 'that member churches should be cautious tot proceed in the direction of the entrance of women in to the diaconal office." Studie hieroor moet dan ook na die Algemene Sekretaris van die GES gestuur word.

   Die GKSA Sinode besluit : *"Vir die verskillende genoemde punte sal studiedeputate benoem word." (Acta 1973:119, Art. 35)*
   Dit blyk dat die Sinode nie deputate aangewys het vir die sake soos genoem in die Rapport nie.

2. **Sinode 1979 ( Acta 1979:564,565, art. 164,165)**
   Twee beskrywingspunte, Klassis Potchefstroom en Part Sinode Wes Transvaal, wys Sinode 1979 daarop dat die besluit om studiedeputate aan te wys (Acta 1973, art 35) nie uitgevoer is nie.
   Die Sinode besluit oor die mandaat van die studiedeputate: "*Om aan die hand van die sake wat in die beskywingspunte en bylaes aangesny word, in die lig van die Skrif, Belydenis en kerkorde, 'n studie te maak van die taak en posisie van die vrou in die Kerk met betrekking tot die ampte, diens en stemreg." (*Acta 1979:564,565, art. 164,165)

   Daar kan dus met sekerheid gestel word dat die eerste opdrag om studie oor die vrou in die amp te doen in die GKSA in 1979 geneem is. (Opmerking Peet Coetzee)

3. **Sinode 1982 (Acta 1982:501,502, Artikel 130, 131)**
   In kort: Die Sinode neem kennis van die indringende studiewerk en benoem deputate met dieselfde opdrag as in 1979. Die studiewerk is ongelukkig nie gepubliseer nie, maar behoort in die Argief as bylaes te wees.

4. **Sinode 1985 (Acta 1985:331, artikel 82)**
   Sinode 1985 besluit die studierapport het "inherente gebreke, wat 'n verantwoorde beoordeling daarvan deur die Sinode onmoontlik maak."

Studiedeputate word weer benoem met dieselfde opdrag as in 1979.

## 5. Sinode 1988 (Acta 1988:502 ev., Art. 97)

5.1 Die Sinode besluit oor **vrouestemreg:**
"In die lig van die bevindings soos gestel in 3.1 tot 3.3 hierbo is die weg volgens KO, art 22 oop dat belydende vrouelidmate net soos belydende manslidmate as volwaardige lede in die liggaam van Christus, volgens die reëling van die plaaslike kerkraad deel kan hê aan die verkiesing van belydende manslidmate tot die besondere dienste."
(Acta 1985:507, art 98)

5.2 Die Sinode besluit oor die **vrou in die besondere ampte**:

5.2.1 "Vroulike lidmate moet – soos manlike lidmate – hulle gawes tot nut en saligheid van ander lidmate asook van ongelowiges aanwend. Daartoe is hulle geroep in die amp van die gelowige, en tot uitvoering van hierdie roeping hoef hulle nie noodwendig in 'n besondere diens te staan nie. Kerkrade dra verantwoordelikheid om toe te sien dat die nodige ruimte bestaan vir lidmate om hulle gawes in die amp van die gelowige te kan aanwend. " (Acta 1988: 522: pt 3.7.2, Art. 98)

5.2.2 "Uit die rapport blyk dit duidelik dat vroulike lidmate nie in die besondere diens van Woordbedienaar en ouderling dien nie. Daar kan ook nie sonder teëspraak voldoende bewys word dat vroulike lidmate (getroud of ongetroud) in die diens van diaken kan dien nie." (Acta 1988:522 pt 3.7.3,, art. 98)
As motivering word hier gewys op die GES Handelinge van 1972, p. 202, 3.3.8 en 3.3.9)

Geen sake van belang insake Vrou in die Ampte nie.

## 6. Sinode 1991.

## 7. Sinode 1994. (Acta 1994:467-488, Art. 22.11)

7.1 Klassis Boland dien 'n beswaarskrif in teen die besluit van die Nasionale Sinode 1988 oor die verkiesbaarheid van vrouelidmate in die besondere ampte/dienste in die kerk. Die Suidelike Partikuliere Sinode bevind dat die beswaarskrif genoegsame rede het om aan die Nasionale Sinode deurgestuur te word.
Die beswaarskrif word op die vergadering van Sinode 1994 ter tafel geneem.
Die kommissierapport behandel al 5 beswaargronde. Die bevinding is dat die beswaarskrif op al 5 beswaargronde nie slaag nie.

7.2 Belangrike beoordeling van die kommissie.
In die behandeling van beswaargrond 4 kom die Sinode kommissie tot die gevolgtrekking dat die "beswaardes se argumentering by hierdie beswaargrond neig na 'n oorbeklemtoning om Skrifuitsprake **tydgebonde** te verklaar." (Acta 1994: 485) Die kommissie beklemtoon dat die 1988

Rapport die Gereformeerde hermeunetiese uitgangspunt t.o.v. **“tydgerigtheid”** teenoor “tydgebondendheid” handhaaf.

Die volgende baie belangrike beoordeling van die Sinodekommissie se verslag is in 4.4.2.4. (Acta 1994: 485)
“4.4.2.4. Die Beswaarskrif beweer dat die uitsprake in bogenoemde tekste moontlik net vir die eerste-eeuse konteks gegeld het. Die bewering staan op geen vaste grond nie, aangesien Paulus hom in 1 Kor 14:33-35 oor die plek van die vrou beroep op die **wet (vers 34).** Dit het dus sedert die wet, wat eeue tevore gegee is, as reël gegeld. Wat 1 Tim 2: 11-14 betref, beroep Paulus hom op die skeppingsgeskiedenis (Adam en Eva) en die sondeval. Dit gaan dus nie oor iets wat net die vir die tyd van Paulus gegeld het nie, maar die geïnspireerde Woord van God werp lig wat die eeue oorspan op ‘n saak (vgl. Bylae 1988 7.6.3.2-7.6.3.4). Die Beswaarskrif maak nie erns met Skrifverklaring wat eksegeties sterk staan dat die saak wat in die sentrum van genoemde Skrifgedeeltes staan die man-vrou-verhouding is nie. Ten spyte van al die besonderhede van die destydse huweliksverhouding en sosiale opvattings staan die goddelike ordening sedert die skepping vas vir alle eeue.”

## 8. Sinode 1997

Op die agenda is ‘n beswaarskrif en ‘n beskrywingspunt oor die vrou in die besondere dienste. Sinode 1997 (Acta 1997:546-559, pt 21.8 en 21.9)

### 8.1 Beswaarskrif

Suidelike Partikuliere Sinode dien ‘n beswaarskrif in teen 1988 besluite oor verkiesbaarheid van vroue in die besondere ampte/dienste.

Na die beswaarskrif is daar ‘n versoek en dan volg die besluit van Sinode 1997.
“2.3 Versoek
Suidelike Partikuliere Sinode versoek die Nasionale Sinode dat die vraagstuk oor die vrou in die besondere kerkdiens nie meer eensydig beoordeel word vanuit twee Skrifdele waar na 'swye' wat die vrou opgelê word, verwys word nie (1 Tim 2 en 1 Kor 14). Hierdie versoek behels dat die talle gegewens in die Skrif waar na intensiewe vrouediens verwys word - en waarna breedvoerig in die Deputaterapport (1988) en in hierdie Beswaarskrif verwys word - 'n regmatige plek kry in die hermeneuse en in die uiteindelike besluit verdiskonteer word. Dit hou in dat meer krities gekyk sal moet word na die afleiding dat 1 Tim 2 en 1 Kor 14 so direk op die ampsbeskouing ten opsigte van die vrou betrek kan word. Op grond van hierdie beswaar versoek Suidelike Partikuliere Sinode revisie van die besluit van GKSA (1988:523, 4.2) naamlik om nie verdere studie te doen nie oor "*die karakter van die amp in die Nuwe Testament, veral in vergelyking met die karakter daarvan in die Ou Testament".*

**Besluit:** Die Beswaarskrif word na Studiedeputate verwys om die volgende Sinode daaroor te adviseer.

**Motivering:** Die Sinode is van oordeel dat weens tydsgebrek en die omvang van toetsing van die eksegese van die beswaardes en die Sinode, dit nie

moontlik is om staande hierdie Sinode tot ‘n weldeurdagte en gemotiveerde aanbeveling te kom nie.”

**8.2 Beskrywingspunt (Acta 1997, art 21.9)**

**“**21.9 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE NOORDTRANSVAAL - EKSEGETIESE GRONDE VIR DIE VROU IN DIE BESONDERE DIENSTE (Artt.51, 222)

1. Beskrywingspunt

1.1 Die Nasionale Sinode word versoek om aan sy Deputate vir Korrespondensie met buitelandse Kerke opdrag te gee om op grond van relevante Sinodebesluite in gesprek te tree met die Kerke met wie ons in korrespondensie staan oor ooreenkomste en verskille wat daar mag bestaan oor die toelating van vroue tot besondere diens.

Dat ingegaan word op die vraag hoe moontlike verskille in die verband ons kerklike eenheid raak.

2. Motivering

2.1 Die toelating van vroue in die besondere ampte kan 'n saak wees wat kerklike eenheid raak en behoort dus op meerdere vergaderings tuis (KO, art.30).

2.2 Indien Skrifuitleg en toepassing verskil, kom kerklike eenheid in gedrang en moet volgens Matteus 18 en Titus 3:10 met die betrokkenes in gesprek getree word. 2.3 Kragtens korrespondensie kan die plaaslike kerk leraars wat in die kerke ordelik toegelaat is (wat by die CRC vrouens insluit) beroep en word attestasie van die kerke ook erken.

**Besluit:** Daar word gevolg gegee aan die Beskrywingspunt op die volgende wyse: 1 Die Sinode benoem Deputate (dieselfde Deputate wat die opdrag het om die Beswaarskrif van Suidelike Part. Sinode oor die verkiesbaarheid van die vrou in die besondere dienste/ampte in studie te neem) met die volgende opdrag:

1.1 Om die relevante besluite van Sinodes van die GKSA in verband met bogenoemde sake te vertaal en d.m.v. die DKBK te stuur aan kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan.

1.2 Om die relevante besluite van kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan d.m.v. die DKBK aan te vra, te bestudeer en die ooreenkomste en verskille aan die Sinode uit te wys.

1.3 Om die Sinode te adviseer oor die implikasies wat die verskille het vir kerklike korrespondensie.

Motivering

1. Die toelating van vroue in die besondere ampte kan ‘n saak wees wat kerklike eenheid raak en hoort dus op meerdere vergaderings tuis (KO, art.30).

2. Indien Skrifuitleg en -toepassing verskil, kan kerklike eenheid in gedrang kom en moet volgens Matt 18 en Titus 3:10 met die betrokkenes in gesprek getree word.

3. Kragtens korrespondensie kan die plaaslike kerk leraars wat in die kerke ordelik toegelaat is (wat by die CRC vrouens insluit) beroep en word attestasie van die kerke ook erken.”

## 9. Sinode 2000

9.1 Sinode Acta 2000:437, art 21.7)
Beswaarskrif Suidelike Partikuliere Sinode teen Sinodebesluit 1988 – plek van vrou in die kerk.
Die beswaarskrif handel oor Sinode 1988 wat nie die moontlikheid dat ten opsigte van die getroude vrou daar ‘n afsonderlike diens kon bestaan nie, verder bestudeer het nie.
**Besluit :** Die beswaarskrif is onontvanklik omdat dit nie voldoen aan die vereistes vir ‘n beswaarskrif nie en omdat geen nuwe materie aangebied is wat nog nie deur vorige Sinodes hanteer is nie.

9.2 Sinode Acta 2000:440, Art. 21.8
Beskrywingspunt Partikuliere Sinode Wes-Transvaal oor die vrou in die kerk.
Hierdie beskrywingspunt versoek studiedeputate om studie te maak oor wat in die Skrif openbaar word oor die wyse waarop die Here die vrou in sy Kerk gebruik het en vandag nog steeds gebruik.
**Besluit** : Goedgekeur

9.3 Sinode Acta 2000:415, Art 21.2.
Rapport van Studiedeputate benoem deur Sinode 1997 – twee sake:

9.3.1 Rapport oor beswaarskrif Suidelike Partikuliere Sinode (Acta 1997, art 21.8)
Die studiedeputate se slotbevinding (4.6) is : (Acta 2000: 415)
“Die beswaarskrif toon nie aan dat Sinode 1988 in sy afkeuring van verdere studie prematuur opgetree het of die Skrif verkeerd gehanteer het nie.”
Die finale besluit is (4.7):

- Die Beswaarskrif slaag nie
- Gevolglik word ook nie aan die versoek (Acta 1997:557-8, 2.3)gevolg gegee nie.
  Besluit : Goedgekeur.

9.3.2. Rapport 2 van Studiedeputate: Vrou in die amp (Acta 2000:418)
Beskrywingspunt Partikuliere Sinode Noord-Transvaal insake verskille en ooreenkomste van Kerke met wie ons in korrespondensie is oor die vrou in die besondere dienste. (Acta 1997 : 558,559, pt 21.9)
*(Hierdie rapport is baie belangrik vir ons gesprekke met die NG Kerk en NH Kerk.Opmerking Peet Coetzee)*

**Die aanbeveling van studiedeputate is : (Acta 2000:418)**
“4. Aanbeveling

Aan die DKBK word opgedra om in die lig van 3.2 indringende korrespondensie/gesprekke met die belanghebbende Deputate van die NedlGK en die CRC te voer om vas te stel of die verskil in Skrifverklaring oor die toelating van vrouelidmate in die besondere dienste as gevolg van 'n Skrifkritiese hermeneutiek is, wat die eenheid met die GKSA in die gedrang bring en waarvolgens voortgesette korrespondensie in heroorweging geneem sou moet word.
**Besluit: Goedgekeur**.

**Die Sinode kommissierapport** (Acta 2000, p. 418,419)
" 1. Opdrag Om die Sinode te adviseer oor die Rapport en aanbeveling.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit
3.1 Beginselstandpunte
3.1.1 Die toetsvraag is of die verskille in Skrifverklaring aan 'n hermeneutiek waardeur Skrifwaarhede gerelativeer word, dit wil sê 'n Skrifkritiese Skrifbeskouing, toegeskryf moet word (3.2.8).
Die Sinode vereenselwig hom met hierdie prinsipiële uitgangspunt – Goedgekeur.
3.1.2 Wanneer verskille in Skrifverklaring te wyte is aan Skrifkritiese hermeneutiek kom dit neer op 'n verwerping van van Christus – dan kom die eenheid met so 'n kerk volgens NGB, art. 29 in gedrang… (3.2.9). Die Sinode vereenselwig hom met hierdie prinsipiële uitgangspunt – Goedgekeur.
3.1.3 Punt 3.2.10 word soos volg gewysig: Die sin "soos die toelating van vrouelidmate tot een of meer van die besondere dienste" word weggelaat. Punt 3.2.10 lees dan soos volg: "Indien 'n verskil in Skrifverklaring oor 'n saak voorkom waardeur die kenmerke van die ware kerk volgens NGB, artikel 29 nie in die gedrang kom nie, word die eenheid van die geloof in Christus nie verbreek nie. Die onderhawige saak waaroor 'n verskil in Skrifverklaring voorkom, moenie tot een van die merktekens van die ware kerk verhef word nie. Die Sinode vereenselwig hom met hierdie prinsipiële uitgangspunt – Goedgekeur.
4. Aanbeveling
Aan die Deputate Ekumenisiteit en Owerheid word opgedra om in die lig van die Rapport indringende korrespondensie/gesprekke met die belanghebbende Deputate van die NedlGK en die CRC te voer om vas te stel of die verskil in Skrifverklaring oor die toelating van vrouelidmate in die besondere dienste as gevolg van 'n Skrifkritiese hermeneutiek is, wat die eenheid met die GKSA in die gedrang bring en waarvolgens voortgesette korrespondensie in heroorweging geneem sal moet word."

## 10. Sinode 2003

10.1 Beswaarskrif WC Vergeer en JJ Janse van Rensburg teen besluite van die Sinode 1988 – die vrou in die besondere ampte (Art 8,43.4,234)
"7. Finale aanbevelings (Acta 2003: 555)
7.1. Dat die beswaar teen Artikel 98, 3.6.5 (Acta 1988:519) nie slaag nie.

7.2. Dat die beswaar teen die motivering van Artikel 98,3.6.3 (Acta 1988:519) slaag."

10.2 Rapport Studiedeputate (Opdrag Sinode Acta 2000:440, pt 21.8)
Drie rapporte wat voortspruit uit bogenoemde opdrag oor die wyse waarop die Here die vrou in sy kerk wil gebruik:

1. Rapport Deputate Leerstellige Sake : vroue in die kerk (21.11)
2. Rapport Deputate Leerstellige Sake : alternatiewe gedeelte Rapport – vroue in die kerk (21.12)
3. Minderheidsrapport ten opsigte van gedeeltes van die rapport insake die plek van die vrou in die kerk (21.13)

**Besluit :** Die deputaterapporte (3) sowel as die Kommissierapport word na die Deputate verwys vir verdere studie.

10.3 Besluit oor toelating van vroue tot die diakenamp. (Acta 2003:591, Art 21.11 E punt 4)
Nasionale Sinode 2003 (Acta 2003:591, E. Kommissierapport, punt 4 en p593.
Besluit. Soos gewysig deur "Errata Handelinge" soos voorsien deur die Administratiewe Buro):
"E. KOMMISSIERAPPORT "Samevattende aanbevelings van die Kommissierapport.
"Die Sinode besluit in die lig van jarelange studie die volgende oor die plek van die vrou in die kerk:
"4. Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word. Die Sinode oordeel verder dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9-15 baie lank reeds in die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband 'n belangrike ondersteunende rol vir vroue in 'n besondere amp speel, alhoewel daar enersyds nie duidelike sekerheid bestaan nie, maar andersyds ook geen verbod op vroue in die amp van diaken geplaas word nie." (Acta 2003:591, 4).
"BESLUIT:

1. Goedgekeur. 2.
2. Die Deputaterapporte (3) sowel as die Kommissierapport word na Deputate verwys vir verdere studie."

10.4 Besluit oor Morele Standaarde – Seksualiteit (Acta 2003: 748-752, art. 26.5)
Beskrywingspunt van die Suidelike Partikuliere Sinode : Morele Satanddarde-Seksualiteit. (Acta 2003: 748-752, art. 26.5)
Besluit oor buite egtelike en homoseksuele omgang (Acta 2003:751,752)
"Aanbevelings
1. Die volgende verklaring word ter oorweging aan die Sinode voorgehou
1.1 Die Gereformeerde Kerke neem sterk standpunt in teen alle vorme van buiteegtelike en homoseksuele omgang. God se Woord wys die monogame huwelik tussen 'n man en 'n vrou aan as die grense waarbinne die Godgegewe

seksualiteit beoefen moet word. Gelowiges en alle mense word daartoe opgeroep om almal binne die kerk en samelewing met liefde en bewoënheid, deur woord en voorbeeld, op te roep tot ‘n heilige en God-erende uitlewing van die seksuele lewe.
1.2 In Jesus Christus is daar (soos met enige ander sonde) verlossing vir persone wat buite-egtelike en homoseksuele praktyke beoefen het. Deur die krag van God se Heilige Gees kom daar berou en is ‘n heilige lewe moontlik. Persone met homoseksuele neigings moet soos alle ander mense met die nodige pastorale bewoënheid hanteer en toegerus word om ook ten opsigte van hulle seksuele lewens getrou aan God se Woord te lewe.
**Besluit :** Goedgekeur”

## 11. Sinode 2006

Op Sinode 2006 dien die volgende rapporte en beswaarskrifte:

8.1 Beswaarskrif 2 van Partikuliere Sinode Bosveld teen besluite van die Nasionale Sinode 2003 – vrou in die amp
8.2 Meerderheidsrapport Deputate Leerstellig – Plek van die vrou in die kerk
8.3 Minderheidsrapport Deputate Leerstellig – Plek van die vrou in die kerk
8.4 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Wonderboompoort oor besluit van Sinode 2003 oor vroue in die kerk
8.5 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk George oor besluit van Sinode 2003 oor die verkiesbaarheid van vroue as diakens
8.6 Beswaarskrif van AH Stavast, AH Klopper en RL Vorster oor besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die amp
8.7 Beswaarskrif Klassis Soutpansberg oor besluit van Sinode 2003 oor toelating van die vrou in die diakenamp
8.8 Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld teen besluite van die Nasionale Sinode 2003 – vrou in die amp
8.9 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Aranos oor besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die besondere ampte
8.10 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Aranos oor besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die besondere amp van diaken – inhoudelik
8.11 Beswaarskrif Klassis Pretoria Moot oor verkiesbaarheid van vroue tot die amp van diaken
8.12 Beswaarskrif GCJ Jordaan en MJ du Plessis teen besluite van Sinode 2003 insake vroue in die diakenamp
8.13 Beswaarskrif JH Howell teen die besluit van Sinode 2003 : vroue in die kerk
8.14 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Bosveld teen besluite van Nasionale Sinode 2003 mbt vrou in die amp van diaken

**Die eerste beswaarskrif wat aan die orde kom is:**
Beswaarskrif Partikuliere Sinode Bosveld teen besluite van Nasionale Sinode 2003 mbt vrou in die amp van diaken.
Die beswaar het 2 beswaargronde, die kommissie van die Sinode beveel aan dat die beswaarskrif op beide gronde nie slaag nie. Die Sinode besluit egter om die

aanbevelings van die kommissie nie goed te keur word nie,nl. “Die aanbeveling slaag nie”.
**Samevattende besluit van Sinode:**
**Die beswaargrond slaag in sy geheel.**

Hierdie besluit het baie groot implikasies vir die behandeling van al bogenoemde rapporte en beswaarskrifte en die volgende besluit word geneem:

‘O.AANGEPASTE VOORSTEL
Ds HJP de Beer rapporteer namens die Kommissie.
Advies insake A15.6, p249, Besluit Acta 2003:591, art 21.11, E4
Dat die Sinode Opsie 1 van die kommissierapport ad hoc soos volg gewysig, sal goedkeur:
1. Die besluit van die Sinode 2006 oor die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld hou in dat die besluit van Sinode 2003 waarvolgens vroue tot die amp van diaken verkies kon word, in die lig van KO, art 46 nie geneem kon word nie.
2. Die feit dat die beswaar van Partikuliere Sinode Bosveld geslaag het, hou volgens hierdie voorstel in dat alle sake wat voortspruit uit die Rapport van 2003, nie verder op hierdie Sinode (2006) gehanteer kan word nie.
3. Studiedeputate word aangewys om die volgende Sinode op Skrifgronde te adviseer oor die vraag of vroue in die amp van diaken en/of ander georganiseerde vorme van diakonale dienswerk kan dien al dan nie, met inagneming van alle relevante materiaal, insluitend dié op tafel van Sinode 2006 sowel as die inhoudelike van die Rapport van Sinode 1988. Hierdie studie moet duidelike gronde aandui indien enige Sinodebesluit deur sy aanbevelings verander moet word, sodat ‘n vas en bindende besluit oor hierdie saak deur die betrokke Sinode geneem kan word.
4. Aangesien ‘n aantal vroue op grond van die besluit van Sinode 2003 tot die diakendiens verkies en bevestig is en met erns hierdie diens verrig, word kerke in die lig van KO, art 30 geadviseer om die volgende in berekening te bring:
(a) Dat die saak van vroue wat in die amp van diaken op grond van die besluit van 2003 verkies is en dien, met groot omsigtigheid hanteer word.
(b) Dat vroue wat reeds in die amp bevestig is, geleentheid sal ontvang om hulle ampswerk voort te sit in afwagting op die Skrifgefundeerde uitspraak oor hierdie saak by die volgende Sinode.
(c) Dat kerke in hulle besluite oor die verdere hantering van die roeping van vroue tot die amp van diaken in berekening sal bring dat daar uitsluitsel oor die Skrifgefundeerdheid daarvan DV eers by die volgende Sinode gegee sal word.
**Besluit : Die voorstel word eenparig aanvaar.**

## 12. Sinode 2009

### 12.1 Sinode 2009 Januarie 2009

Sinode 2009 het 5 Januarie 2009 en volgende dae vergader, maar in reses gegaan en weer op 29 Junie 2009 en volgende dae vergader.
Die volgende beswaarskrif dien (ook **genoem Beswaarskrif Streeksinode Randvaal**)

12.1.1 Beswaarskrif : Klassis Krugersdorp – Artikel 46. (Acta 2009:563, art 21.13)
Hierdie beswaarskrif handel oor die Sinodebesluit 2006 wat goedgekeur het dat die beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld slaag.
Die Sinode besluit dat Beswaargrond 1 slaag. (Acta 2009:580)

‘n Ad hoc kommissie word benoem om die Sinode te adviseer oor die konsekwensies van die geslaagde beswaarskrif.

12.1.2 RAPPORT VAN AD HOC-KOMMISSIE
Implikasies van die besluit van die Algemene Sinode 2009 oor die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal teen ’n besluit van Sinode 2006
1.Opdrag Om Sinode te adviseer oor die gevolge van die besluit dat Streeksinode Randvaal se Beswaarskrif slaag.
Besluit: Kennis geneem.
2. Beredenering
2.1 Implikasies oor die besluite van Sinodes 2006 en 2003
2.1.1 Die besluit van Sinode 2006 (Acta 2006:411-412, 2.1.2, 2.2.2 en 2.3) word deur die besluit van Sinode 2009 gerojeer (rojeer: kanselleer, skrap, vernietig, ophef (HAT)). 2.1.2 Die implikasie van die besluit van Sinode 2009 is dat die besluit van Sinode 2003 staan (Acta 2003:591-593, E1 tot 14.8; vgl. Errata by die Handelinge van 2003). Dit sluit onder meer die besluit in waarteen Part Sinode Bosveld in 2006 (Acta 2006:409) beswaar gemaak het, naamlik: “Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word. Die Sinode oordeel verder dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9-15 baie lank reeds in die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband ’n belangrike ondersteunende rol vir vroue in besondere ampte speel, alhoewel daar enersyds nie duidelike sekerheid bestaan nie, maar andersyds ook geen verbod op vroue in die amp van diaken geplaas word nie” (Acta 2003:591, 4).
Besluit: Kennis geneem.
2.2 Implikasies vir sake op die Agenda van Sinode 2006
2.2.1 Die besluit van Sinode 2009 het implikasies vir sake oor die vrou in die kerk wat ordelik op die tafel van Sinode 2006 gekom het. Die volgende sake is hier van belang. 2.2.1.1 Die Rapport van Studiedeputate wat deur Sinode 2003 (Acta 2003:593, 14) aangewys is. Weens die besluit van Sinode 2006 in sy handhawing van die beswaar van Part Sinode Bosveld is die Rapport nie afgehandel nie (meerderheids- en minderheids-).
2.2.1.2 Die Rapport van die Kommissie van Sinode 2006 oor die Studierapport van 2003 bevat belangrike beredenering.
Besluit: Kennis geneem – wysigings is reeds aan gebring – Deputate Handelinge
2.2.1.3 Die **Beswaarskrifte** teen die besluit van Sinode 2003 rakende die vrou in die amp van diaken (Acta 2006:417-556 – uitgesluit die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld). Hierdie Beswaarskrifte het ordelik op die tafel gekom, is nie behandel nie en moet derhalwe afgehandel word.

Besluit: Goedgekeur.
2.2.2 Die implikasie van Sinode 2009 se besluit is dat die sake in 2.2.1 hierbo weer in behandeling geneem moet word.
Besluit: Goedgekeur.
2.3 Implikasies vir die afhandeling van die Agenda van Sinode 2009
2.3.1 Die besluit van Sinode 2009 het ook implikasies vir sake oor die vrou in die kerk wat aanvanklik ordelik op die tafel van Sinode 2009 gekom het. Die sake is die volgende:
2.3.1.1 Die Rapport van die Studiedeputate wat voortspruit uit die besluite van Sinode 2006 is met die rojering van die besluit nie meer op die tafel van hierdie Sinode nie. Besluit: Kennis geneem.
2.3.1.2 Die Beswaarskrif van GK Brits-Wes. Die Beswaarskrif rus op die besluit van Sinode 2006 wat deur die besluit van Sinode 2009 gerojeer is. Besluit: Kennis geneem.

3. **Aanbevelings**
3.1 Die Sinode neem kennis van die beredenering in 2. Besluit: Goedgekeur.
3.2 Die Sinode besluit, in die lig van die beredenering, om ’n Kommissie aan te wys om op die voortsetting van die Sinode te rapporteer:
3.2.1 Die Kommissie moet alle onafgehandelde sake uit Sinodes 2000 tot 2009 oor die vrou in die kerk ondersoek en die volgende Sinode in die lig van hulle studie adviseer oor die behandeling en/of afhandeling daarvan.
3.2.2 Die Kommissie moet alle relevante materiaal in die studie verreken. Hierby is die opdrag van Sinode 2003 (Acta 2003:593, 14), die Studierapport en die Kommissierapport van Sinode 2006, sowel as die Studierapport en Kommissierapport van Sinode 2009 ingesluit.
3.2.3 Die Kommissie moet alle nuwe studies en ontwikkelinge in die verband in ag neem, binne die GKSA sowel as binne kerke waarmee die GKSA ekumenies een is. 3.2.4 Die studie moet die saak van die vrou in kerk, wat die vrou in al die besondere dienste insluit (Acta 2000:414, 5) in ’n nuwe Rapport ter tafel bring vir besluitneming deur die Sinode.
Besluit: 3.2.1 tot 3.2.4 word goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.
3.2.5 Die Sinode keur 2.3.1.1 tot 2.3.1.2 goed.
Besluit: Goedgekeur.

Hierop volg ‘n ordevoorstel (Acta 2009:582)
**ORDEVOORSTEL**
Die voorstel op tafel terstond tot stemming gebring word.
Besluit: Goedgekeur.

Die Sinode besluit voorts dat hierdie Sinode in reses gaan en ’n Kommissie aanwys om op die datum soos deur die Sinode bepaal, te rapporteer oor die opdragte soos goedgekeur in pt 3 van die Rapport van die ad hoc-kommissie. Die volgende name word aan die Sinode voorgehou: Ds HJP de Beer (Voorsitter) dr SP van der Walt (skriba), di RS Hobyane, MJ Letebele, LH

Moretsi, SD Snyman, L du P van der Vyver, drr DG Breed, G Breed, GJ Meijer, J Smit en dr SJ van der Merwe. Adviseurs is: proff A le R du Plooy, CFC Coetzee, RS Letšosa, JJ J van Rensburg, GJC Jordaan en JM Vorster.
Besluit: Goedgekeur.

**Die Sinode het verder sake afgehandel en in reses gegaan en weer op 29 Junie 2009 vergader om in besonder die Rapport Kommissie – Saak van die Vrou (volgens besluit voor reses) te behandel.**

### 12.2 Sinode 2009 Julie 2009.

Die volgende besluit is geneem na die behandeling van die Studierapport deur depuate soos aangewus in Januarie 2009. (Acta 2009:583-667)

"RAPPORT AD HOC KOMMISSIE: SAKE WAT VOORTVLOEI UIT BESLUIT INSAKE DIENS VAN SUSTERS IN BESONDERE DIENSTE VAN PREDIKANT EN OUDERLING (Acta 2009:667-669)
1. Opdrag
Punt 11 van die Kommissierapport: Saak van die vrou.
Besluit: Kennis geneem.
3. Bevindings
3.1 Oor die diens van ouderling en predikant is daar na die besluit van die Sinode geen sake wat onafgehandel is nie.
3.2 Oor die diens van diaken is daar verskillende sake – soos aangetoon in die Kommissierapport, pt 11 – waaroor hieronder aanbevelings gemaak word.
3.3 Oor die terugvoer na die gemeente word 'n kort en saaklike brief hieronder voorgelê.
Besluit: Kennis geneem.
Aanbevelings
4.1 Oor 11.1.1
Die Sinode benoem Deputate met die volgende opdrag:
4.1.1 Bring die nodige wysigings in die Kerkorde en Bevestigingsformulier vir diakens aan en maak laasgenoemde geslagtelik omvattend.
4.1.2 Ondersoek moontlike wysigings aan NGB, artt 30 en 31 om dit geslagtelik omvattend te maak.
Besluit: Goedgekeur.
4.2 Oor 11.1.2
Die Sinode benoem Deputate met die volgende opdrag:
4.2.1 Ondersoek tot welke mate die toepassing van KO, art 38 geraak word deur die feit dat vroue as diakens kan dien en maak relevante aanbevelings.
Besluit: Goedgekeur – verwys na te benoemde Deputate vir Kerkregsake.
4.3 Oor brief aan gemeentes
Die volgende brief word voorgelê vir verspreiding na alle kerke:

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

1 Julie 2009
Aan alle Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Broers en susters
In opdrag van die Sinode word hierdie brief aan u gerig om u in te lig oor die besluite wat tydens Sinode 2009 geneem is insake die diens van ons susters in die besondere dienste:
1. Besluit insake die diens van diaken
Susters kan in die diakensamp dien. Sinode 2009 het ’n Beswaarskrif gehandhaaf wat daartoe gelei het dat die besluit van Sinode 2003 herstel is. Hierdie besluit lui soos volg:

*Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word.*

2. Besluit insake die diens van ouderling en predikant
Tydens die voortsetting van die Sinode is ’n diepgaande Rapport hanteer oor die vraag of susters as ouderlinge en predikante kan dien. In hierdie Rapport is aandag gegee aan onder andere besluite wat reeds tydens Sinode 2003 geneem is, tersaaklike kerkregtelike, historiese, Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte. Uitgaande van hierdie vertrekpunte is verskillende relevante Skrifgedeeltes hanteer. Die Sinode het vir bykans twee dae broederlik met mekaar gepraat en biddend geluister na die Woord van ons Here. Daar het verskillende standpunte na vore gekom wat biddend oorweeg is. Uiteindelik is die volgende besluit geneem:

*Die Sinode het in die lig van die behandeling van die Rapport tot die oortuiging gekom dat vroue nie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag dien nie*.

Die Sinode bid elkeen van ons kerke die seën van die Here toe. Mag Hy gee dat al ons kerke eendragtig in eenheid en in biddende opsien na Hom sal volhard.

__________ __________________
Dr CJ Smit Ds LH van Schaik

## 13. Sinode 2012

13.1. Die volgende beswaarskrifte is ingedien: (Acta 2012:32 -36)

13.1.1. Beswaarskrif – GK Bloemfontein-Suid teen die besluit van die Sinode 2009 oor dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie.

13.1.2. Beswaarskrif – GK Klerksdorp teen die besluit van Sinode 2009 oor die saak van die vrou in die diens van ouderling en predikant.

13.1.3. Beswaarskrif – GK Krugersdorp teen ‘n besluit van Sinode 2009 oor “saak van die vrou”.
13.1.4. Beswaarskrif – GK Potchefstroom-Noord/Noordbrug teen besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant.
13.1.5. Beswaarskrif – AH Klopper, AP Kruger, AH Stavast en RL Vorster oor die besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die amp.
13.1.6 Beswaarskrif – Klassis Oostelike Pretoria oor besluit van Sinode 2009 dat vroue nie as predikant en ouderlinge mag dien nie.
13.1.7 Beswaarskrif – Klassis Krugersdorp oor besluite van Sinode 2006 oor die vrou in die amp.
13.1.8. Beswaarskrif – Streeksinode Randvaal teen die besluit van die Algemene Sinode 2009 oor die vrou in die amp van Ouderling en predikant.

13.2. Die Sinode besluit (Acta 2012:352,353)
ORDEVOORSTEL

1. Die Beswaarskrifte in verband met die vrou in die besondere dienste eers op 'n volgende Sinode beoordeel word, aangesien daar sake is wat dringende aandag moet geniet alvorens hierdie Beswaarskrifte tot opbou van kerke gehanteer kan word.

2. Motivering

2.1 Die Algemene Sinode 2012 het agt Beswaarskrifte in verband met die vrou in die besondere dienste ter tafel. Dit het tydens hierdie Sinode duidelik geblyk dat daar by kerke, ondanks besluite wat tydens Sinodes geneem is, verskille in standpunte en praktyke bestaan met betrekking tot die vrou in die besondere dienste. Al sou die Sinode uitsluitsel op die Beswaarskrifte gee, sou dit nie werklik die problematiek rondom die verskille oplos nie. Die moontlikheid is groter dat – as 'n beoordeling tans gedoen word – die uitslag die verskille mag verdiep. Die grondliggende rede(s) vir hierdie verskille in standpunte en praktyke behoort eerstens vasgestel te word en konkrete aandag te geniet.

2.2 Die Here het die Algemene Sinode gelei om die missionêre roeping van die Kerke op die voorgrond te stel. Die Sinode het besluit om 'n **Omkeerstrategie** vir die GKSA uit te werk om hierdie roeping na te kom. Indien daar tydens hierdie Sinode uitspraak gegee word oor die Beswaarskrifte, gaan die verskillende standpunte nog nie opgeklaar wees nie. Inteendeel, dit kan die fokus van ons kerke eerder op die onderlinge verskille plaas. En daardeur kan die heerlike positiewe en eenparige gesindheid by kerke jeens die besluit oor ons roeping gedemp word.

3. Aanbevelings

Die Algemene Sinode wys Deputate aan met die volgende opdrag:
3.1 Om in samewerking met plaaslike kerke te bepaal wat die grondliggende redes is waarom daar, ondanks besluite wat kerke gesamentlik geneem het, steeds verskille in standpunte en praktyke bestaan in die sake waaroor besluite reeds geneem is.
3.2 Om die Beswaarskrifte na te gaan en in 2015 te rapporteer.
3.3 Om die Sinode te adviseer:
3.3.1 oor hoe eenheid en verskeidenheid in ons kerke ons missionêre roeping kan dien.
3.3.2 wanneer gaan vryheid in verskeidenheid oor in ongehoorsaamheid aan die Woord.
3.3.3 wanneer die besluite en optrede van die plaaslike kerk die gemeenakkoord in gedrang bring.
3.3.4 wanneer kerklike besluite 'n las plaas op mense se gewetens (NGB, art 32).
3.3.5 hoe die Gereformeerde Kerke verlos kan word van 'n verlammende persepsie van 'n sterwende kerk tot ‘n helder beeld van ons missionêre roeping. 3.4 Die Sinode doen ‘n ernstige beroep op kerke om in hierdie tyd, totdat die Beswaarskrifte afgehandel is:
3.4.1 die verskeidenheid in gebruike in ons kerke met liefde en begrip teenoor mekaar te hanteer in die gees van Rom 14.
3.4.2 nie ander gebruike in te voer, wat verskil van dit waarin kerke met mekaar ooreengekom het of wat tans in kerke in gebruik is nie.

4. Hierdie oproepe word spesifiek gemaak om kerke in hierdie tyd te help om op die **Omkeerstrategie** en ons missionêre roeping te fokus en nie deur verskille tot strydvrae verlei te word nie.
**Besluit: Ordevoorstel word aanvaar met aanbevelings.**

## 14. Sinode 2015

**14.1 Rapport Deputate eenheid in verskeidenheid (Acta 2015:304, art 21)**
Die deputate se aanbevelings rakende wesentlike sake is die volgende (Acta 2015:319)
“6.3.3 **Aanbevelings**
6.3.3.1 Dat spesiale Sinodes gehou word volgens besluit van n Algemene Sinode wanneer wesentlike sake met n ernstige verdelingspotensiaal nie met eenstemmigheid deur die Algemene Sinodes afgehandel/opgelos kon word nie om dan deur voortgaande studie en oorweging, die sake tot eenstemmigheid te bring en so af te handel of op te los.
**Besluit: Goedgekeur**.
6.3.3.2 Streeksinodes wys afgevaardigdes vir hierdie moontlike Sinodes voor elke Algemene Sinode aan, naamlik vier predikante en vier ouderlinge sowel as die nodige sekundi.
**Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge**).
6.3.3.3 n Spesiale Sinode konstitueer die eerste keer onder leiding van die

Voorsitter en Skriba van die vorige Algemene Sinode waarna die vergadering n eie Moderamen aanwys vir hantering van verwysde sake vanaf die Algemene Sinode.
**Besluit: Goedgekeur**.
6.3.3.4 Spesiale Sinodes vergader so dikwels en so lank as wat dit nodig is vir die afhandeling van hulle opdrag en gee op n gepaste manier aan lidmate, gemeentes en kerke waarmee ons ekumeniese eenheid of bande het, geleentheid om voorleggings te maak mbt sake ter tafel.
**Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).**
6.3.3.5 Spesiale Sinodes handel verwysde sake af sodra daar eenstemmigheid oor n saak/sake bereik is en stel die kerke daarvan in kennis.
**Besluit: Goedgekeur.**
6.3.3.6 Die Spesiale Sinodes wys Deputate aan, om waar kerke wat besonderlik deur die besluite van die Spesiale Sinodes geraak word, indien so versoek, die besluite te gaan toelig.
**Besluit: Goedgekeur.**

**(NB : Beswaarskrifte slaag tydens Sinode 2018 teen bogenoemde, besluite word rojeer : Opmerking Peet Coetzee)**

6.4 Dat die aanbeveling oor die verskeidenheid binne die kerke en die rol wat dit kan speel tot opbou van die eenheid en die uitleef van ons missionale roeping verwys word na die Deputate Omkeerstrategie (Kerkgroeibediening).
**Besluit: Goedgekeur** (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

**14.2. Rapport Deputate eenheid in verskeidenheid (vervolg)**
**Opdrag 3.2: Om die 2012 -Beswaarskrifte na te gaan en in 2015 te rapporteer**
“ 7.1.Uiteensetting
Die verwysde Beswaarskrifte het tydens die sitting van Algemene Sinode 2012 gedien. Dit is na onderskeie Kommissies verwys wat Kommissierapporte opgestel en aan die Sinode vir besluitneming beskikbaar gestel het. Die Sinode het egter op grond van n Ordemosie nie die Kommissierapporte en die tersaaklike Beswaarskrifte afgehandel nie vanweë vraagstukke soos weergegee in 3.3 van die mosie. Hierdie Beswaarskrifte en Kommissierapporte is na hierdie Deputate verwys om dit na te gaan en daaroor te rapporteer. In die lig van die studie, die bevindings en adviese/aanbevelings waartoe hierdie Deputate gekom het, is die Beswaarskrifte en Kommissierapporte nagegaan en blyk dat die besware juis oor die soort sake gaan wat deur die aanbevelings van hierdie Rapport geraak word.
7.2 Bevinding
Die verwysde Beswaarskrifte kan alleen afgehandel word nadat die Algemene Sinode 2015 oor 4 tot 6 van hierdie Rapport geoordeel het.
**Besluit: Punte 7.1 en 7.2 kennis geneem.**
7.3 Aanbeveling

7.3.1 Dat indien die aanbevelings in 4 tot 6 goedgekeur word, die verwysde Beswaarskrifte volgens die tersaaklike besluite hanteer word.
**Besluit: Goedgekeur**.
7.3.2 Dat die Sinode met goedkeuring van 7.3.1 oordeel of die sake wesentlik of nie wesentlik is.
7.3.2.1 Indien die sake wesentlik is, moet die Sinode oordeel (kyk 6.3.3 van hierdie Rapport):
a. of die sake ernstige verdelingspotensiaal het,
b. of Algemene Sinodes in die verlede eenstemmigheid oor die sake kon bereik,
c. of die sake in die lig van bogenoemde na n Spesiale Sinode verwys word.
7.3.2.2 Indien die sake nie-wesentlik bevind word, moet die Sinode:
a. oordeel wie in hierdie sake die gewete-vryes en die gewete-gebondenes is (kyk 6.2.1.2 van hierdie Rapport).
b. die aanbevelings na aanleiding van Rom 14 en 15 toepas (kyk 6.2.3 van hierdie Rapport) en die Beswaarskrifte afhandel."
**BESLUIT**
**a. Dat verwysde Beswaarskrifte wesentlik is.**
**b. Dat die saak ernstige verdelingspotensiaal het.**
**c. Dat die Beswaarskrifte bevestig dat die Algemene Sinode nie in die verlede eenstemmigheid bereik het nie.**
**d. Dat die sake in die lig van bogenoemde besluite (a en b) na n Spesiale Sinode verwys word en dat Kommissie Leerstellig die vergadering sal adviseer oor:**
**1. die verdere hantering van Beswaarskrifte by Sinode 2015 oor hierdie selfde saak en**
**2. n manier waarop so spoedig moontlik n wettige Spesiale Sinode saamgestel kan word. "**

**14.3 Die volgende omskrywing van wesenlike sake en nie-wesenlike sake word goedgekeur (Acta 2015: 323)**

6.1.3.1 Dat kerklike vergaderings die onderskeid tussen wesentlik en nie-wesentlik in hulle besluitneming oor sake verreken.
6.1.3.2 Dat die volgende as basiese riglyne dien vir die onderskeiding tussen wesentlike en nie-wesentlike sake:
**Wesentlike sake**
6.1.3.2.1 Sake wat direk uit die Skrif kom en met Skrifberoep gestaaf kan word en/of
6.1.3.2.2 sake wat op grond van direkte Skrifbeginsels uit die Skrif afgelei kan word en/of
6.1.3.2.3 gebruike wat op voorbeeld van die apostels in die Skrif gegrond is.

**Nie-wesentlike sake**
6.1.3.2.4 Sake wat nie direk/uitdruklik in die Skrif voorgeskryf of afgelei kan word nie en/of
6.1.3.2.5 sake wat nie uit die belydenis afgelei kan word nie en/of

6.1.3.2.6 sake wat nie om noodsaaklike of onvermydelike redes deur almal oral en altyd hoef gehandhaaf te word nie en/of
6.1.3.2.7 sake wat volgens die Skrif en apostoliese gewoonte aan die kerke self oorgelaat is en/of
6.1.3.2.8 sake waaroor ons moet ooreenkom om kerklik te kan saamleef, maar wat nie die geloof of ware kerk-wees in gedrang bring of die eer van God direk aantas nie.

14.4 **Besluit om Spesiale Sinode op te roep** aangesien saak van vrou in die besondere dienste 'n wesentlike saak is. (Acta 2015:323)
"Aanbeveling:
2.1. Al die tersaaklike Beswaarskrifte handel oor die vrou in die besondere dienste. In die lig daarvan dat die Sinode besluit het dat die saak van die vrou in die besondere dienste 'n wesentlike saak is, word aanbeveel dat al die Beswaarskrifte na die spesiale Sinode verwys word."

14.5. **Hantering van beswaarskrifte** wat deur Sinode 2012 na die Deputate Eenheid en Verskeidenheid verwys is, asook beswaarskrifte van Potchefstroom-Die Bult en Krugersdorp wat opgeneem is in Agenda Sinode 2015.
Die volgende onderskif word gegee by die Beswaarskrifte van Potchefstroom-Die Bult en Krugersdorp. Dit gee die rede waarom Sinode 2015 nie die beswaarskrifte behandel nie: (vgl Acta 2015:325, art 21.2 en Acta 2015:336, art 21.3)
"Al die tersaaklike Beswaarskrifte handel oor die vrou in die besondere dienste. In die lig daarvan dat die Sinode besluit het dat die saak van die vrou in die besondere dienste 'n wesentlike saak is, word aanbeveel dat al die Beswaarskrifte na die spesiale Sinode verwys word."

## 15. Buitengewone Algemene Sinode 2016

**(My opmerking – Peet Coetzee:**

1. *Sinode 2015 het besluit om Spesiale Sinodes te skep om in gevalle waar sake wat verdeeldheid in die kerke kan veroorsaak en nie afgehandel kan word op die gewone weg nie, byeen te roep. Al die beswaarskrifte wat handel oor die vrou in die besondere ampte (diaken, ouderling en predikant) is na die Spesiale Sinode verwys.*
2. *Besware teen die besluit oor die byeenroep van Spesiale Sinodes het veroorsaak dat 'n Buitengewone Algemene Sinode (BAS) kragens Artikel 50 Kerkorde byeen gekom.*
3. *Die BAS het besluit om die besware teen die byeenroep van Spesiale Sinodes te laat slaag, wat beteken dat Spesiale Sinodes nie meer gehou kan word nie.*
4. *Dit het die gevolg gehad dat al die sake wat met Sinode 2015 na die Spesiale Sinode verwys is, op die BAS behandel en afgehandel moes word.*

5. *Al die beswaarskrifte (met verskeie beswaargronde) is behandel. maar daar was nie een enkele beswaargrond teen Sinodebesluite dat vroue nie as ouderling of predikant mag dien,  wat geslaag het nie.*
6. *Die gevolg is dat die besluit van die GKSA ten opsigte van die vrou in die besondere ampte nie verander nie."*

**15.1. Die volgende beswaarskrifte op agenda:**

1. GK Potchefstroom-Die Bult teen besluite van Sinode 2015 oor "Spesiale" Sinode
2. Streeksinode Randvaal teen besluite van Sinode 2015 oor "Spesiale" Sinode . GK Bloemfontein-Suid teen die besluit van Sinode 2009 oor dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie
3. GK Klerksdorp teen die besluit van Sinode 2009 tot die saak van die vrou in die diens van ouderlinge en predikant
4. GK Krugersdorp (1) oor besluit van Sinode 2009 oor "Saak van die vrou" .
5. AH Klopper, AP Kruger, AH Stavast en RL Vorster oor besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die amp
6. Klassis Oostelike Pretoria teen die besluit van Sinode 2009 – dat vroue nie as predikant en ouderlinge mag dien nie
7. GK Krugersdorp (2) oor besluit van Sinode 2009 "oor saak van die vrou"
8. GK Potchefstroom-Die Bult teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant .

Samevattende besluit : Nie een van bogenoemde beswaarskrifte het geslaag nie. Die besluit van Sinode 2009 is :

*"1. Besluit insake die diens van diaken*
*Susters kan in die diakensamp dien. Sinode 2009 het 'n Beswaarskrif gehandhaaf wat daartoe gelei het dat die besluit van Sinode 2003 herstel is. Hierdie besluit lui soos volg:*

*Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word.*

*2. Besluit insake die diens van ouderling en predikant*
*Tydens die voortsetting van die Sinode is 'n diepgaande Rapport hanteer oor die vraag of susters as ouderlinge en predikante kan dien. In hierdie Rapport is aandag gegee aan onder andere besluite wat reeds tydens Sinode 2003 geneem is, tersaaklike kerkregtelike, historiese, Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte. Uitgaande van hierdie vertrekpunte is verskillende relevante Skrifgedeeltes hanteer.  Die Sinode het vir bykans twee dae broederlik met mekaar gepraat en biddend geluister na die Woord van ons Here. Daar het verskillende standpunte na vore gekom wat biddend oorweeg is. Uiteindelik is die volgende besluit geneem:*

*Die Sinode het in die lig van die behandeling van die Rapport tot die oortuiging gekom dat vroue nie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag dien nie. " (Aanhaling uit skrywe aan kerke 1 Julie 2009)*

### 15.2. Beswaarskrif GK Potchefstroom-Die Bult teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant . (Acta 2016:132,133)

Die volgende beredenering is belangrik van die beswaarskrifkommissie:

Oor gewetensbinding : (Acta 2016:132)
"4.2.4.1.1 Daar word beweer dat gewetensbinding plaasvind wanneer meerderheidstem, en nie Skrifgronde nie, die deurslag van besluite gee. KO, art 31 is die ooreengekome wyse waarop besware hanteer behoort te word. Die leiding van die Heilige Gees by besluitneming deur vergaderings mag nooit misken word nie (kyk Hand 15:28 en ook KO, art 32). Wanneer 'n besluit met meerderheidstem geneem word op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde, word daar nie geheers nie ( foutiewe interpretasie van KO, art 84), want dan regeer die Skrif. 4.2.4.1.2 Die woord "gewetensbinding" word dikwels in die kerke verkeerdelik gebruik as synde net negatief. Besluite deur meerdere vergaderings word juis geneem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings het hul gewetens gebind deur die Openlike Verklaring af te lê. Daardeur onderneem hulle om besluite te neem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes het ook reeds, toe hulle Belydenis van geloof afgelê het, onderneem om Skrif, Belydenis en Kerkorde te honoreer. 4.2.4.1.3 Daar moet gewaak word om te redeneer vanuit die kollegialistiese siening dat dit die Sinode is wat besluite neem en afforseer. Wanneer kerke byeenkom in meerdere vergaderings word daar nie deur 'n "hoër vergadering" besluite op mindere vergaderings afgedwing nie, maar die kerke besluit saam op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde in ooreenstemming met die Presbiteriale kerkregeringstelsel."

EN VERDER: (Acta 2016:133)
Oor verdraagsaamheid (toleransie)
4.2.7 Die beswaardes doen 'n beroep op verdraagsaamheid om mekaar se verskillende standpunte oor hierdie saak te akkommodeer, aangesien die saak belangrik is, "maar nie so belangrik dat die eenheid van die Kerk van Christus in gedrang mag bring nie. Verskillende sienings hieroor behoort in liefde geduld te word."
4.2.7.1 Beoordeling : Sinode 2015 (Acta 2015:320, 7.3.2; 323, 2.1) het alreeds besluit dat dit wel 'n wesenlike of prinsipiële saak is, welke besluit as vas en bindend beskou moet word (KO, art 31).
4.2.8 Wat die beswaardes se aangeduide implikasies betref, word as volg beoordeel. 4.2.8.1 Indien daar nie afdoende Skrifbewys is nie, word die status quo gehandhaaf (KO, art 31). Ons bly dus by dit wat vas en bindend is en by die gesonde leer wat ons goed ken (2 Tim 3:15). 4.2.8.2 Die versoek deur die beswaardes dat plaaslike kerke self moet besluit of hulle vroue in die besondere

dienste wil bevestig of nie, sal lei tot ‘n verdere verbreking van die eenheid binne kerkverband (Ef 4:1-6). Daar moet binne die kerkverband gewaak word teen independentisme wat die vrywillige binding aan tesame genome besluite prysgee (vgl KO, art 31).
4.2.8.3 Die Kerkorde se eerste afdeling handel oor die dienste. Dit impliseer dat die ampte ‘n wesenlike saak is wat alle kerke se kerkwees raak. (KO, art 1).
Besluit: Punte 4.1 tot 4.2.8.3 kennis geneem.
4.3 Aanbeveling
4.3.1 Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.
**Besluit: Goedgekeur.**

## 16. Sinode 2018

### 16.1 Besluit oor Spesiale Sinode

RAPPORT 2 : DEPUTATE BEOORDELING VAN DIE BESWAARGRONDE VAN DIE BESWAARSKRIFTE VAN GK POTCHEFSTROOM-DIE BULT EN STREEKSINODE RANDVAAL TEEN BESLUITE VAN SINODE 2015 OOR “SPESIALE” SINODES (Art 253)

Albei beswaarskrifte slaag teen die besluit.
Let daarop dat Sinode 2016 nie ‘n Spesiale Sinode was nie, maar ‘n Buitengewone Algemene Sinode wat opgeroep is kragtens Artikel 50 K.O. Kyk opmerking by Sinode 2016.

16.2 BESKRYWINGSPUNT (IN TERME VAN KO, ART 46) – GK POTCHEFSTROOM-OOS OOR DIE VROU IN DIE BESONDERE DIENSTE AS ‘N NIE-WESENTLIKE SAAK (Art 115, 299)
16.2.1. **Rapport kommissie aan Sinode 2018**
“2.1 Die Kommissie beveel aan dat daar nie gevolg gegee word aan die Beskrywingspunt nie.
**Besluit: Goedgekeur.**
**Motivering**
2.1.1 Motivering 1:
“Die Beskrywingspunt voer aan dat geen besluit van die Algemene Sinode 2015 bepaal dat die saak van die vrou in die besondere dienste ‘n wesentlike of ‘n niewesentlike saak is nie”.
2.1.1.1 Die Sinode het twee besluite geneem dat die saak oor die vrou in die besondere dienste (VIDA) ‘n wesentlike saak is. Dit kom na vore in die volgende besluite: a) “Besluit: a. Dat verwysde Beswaarskrifte wesentlik is” (Acta 2015:320, 7. a.). b) “Al die tersaaklike Beswaarskrifte handel oor die vrou in die besondere dienste. In die lig daarvan dat die Sinode besluit het dat die saak van die vrou in die besondere dienste ‘n wesentlike saak is, word aanbeveel dat al die Beswaarskrifte na die Spesiale Sinode verwys word. Besluit: Goedgekeur” (Acta 2015:323, 2.1). Hoewel die Sinode nie die besluit “direk” genotuleer het, soos die Beskrywingspunt beredeneer nie, maar tog duidelik in bogenoemde besluite bedoel, dat die saak oor VIDA wesentlik is.
2.1.2 Motivering 2:

"Die Beskrywingspunt voer aan dat die saak van die vrou in die besondere dienste, beoordeel in die lig van die riglyne vir wesentlike en nie-wesentlike sake, 'n nie wesentlike saak is".

2.1.2.1 Motivering 2 handel oor die wyse waarop die Sinode 2015 sy riglyne vir wesentlike sake hanteer het.

Sinode 2015 het aan die hand van sy riglyne bepaal dat die saak van VIDA wesentlik is. Hierdie motivering is in wese 'n beswaar wat langs die weg van KO, artt 31 en 46 aan die orde behoort te kom.

2.1.3 Motivering 3: "Die Beskrywingspunt voer aan dat in die lig van besluite van die Algemene Sinode 2015 is die saak van die vrou in die besondere dienste, in die lig van KO, art 85, 'n nie-wesentlike saak".

2.1.3.1 KO, art 85 reël onder meer "eenheid en verskeidenheid in die ekumene" (Spoelstra 1989:466). Hierdie artikel handel oor die wyse tov ekumeniese verhoudings tussen kerke en buitelandse kerke. Die Beskrywingspunt lig tereg uit dat kerke nie vir 'n onbepaalde tyd verdraagsaam kan wees aangaande verskille in wesentlike sake nie. Die bedoeling van KO, art 85 is egter nie om te bepaal of 'n saak wesentlik of nie wesentlik is nie.

**Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.3.1 goedgekeur.**

13.3 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE RANDVAAL – VROU IN BESONDERE DIENSTE AS 'N NIE-WESENTLIKE SAAK (Artt 117, 297)

"2.1 Die Kommissie beveel aan dat daar nie gevolg gegee word aan die Beskrywingspunt nie.

**Besluit: Goedgekeur.**

Kyk motivering by 13.2.1.

16.4. Beswaarskrifte teen besluite oor vroue in die besondere dienste het nie geslaag nie.

## 17. Sinode 2023, Art 21.6

### 17.1 BESKRYWINGSPUNT VAN STREEKSINODE PRETORIA – BINDING AAN SINODEBESLUITE OOR VROUE IN BESONDERE DIENSTE (Art 36)

E. Besluit: Daar word aan die Beskrywingspunt gevolg gegee.

F. BESKRYWINGSPUNT / POINT OF DESCRIPTION

Voorstel

Die Algemene Sinode wys Deputate aan om op grond van die Skrif, Belydenis en Kerkorde vas te stel wat gedoen moet word met kerke wat hulle nie hou aan die vas en bindende besluite wat verskeie Algemene Sinodes oor die vrou in die amp geneem het nie, deur voort te gaan om vroue as ouderlinge te bevestig. Die Deputate lê hulle bevindinge en aanbevelings aan die volgende Algemene Sinode voor.

Motivering

1. Verskeie kerke in die kerkverband gaan in stryd met Sinodebesluite voort om vroue as ouderlinge te bevestig. Dié optrede lei onder meer tot:
• die indien van Beswaarskrifte en Appèlle op verskeie kerklike vergaderings;
• verlamming in die kerklike lewe, aangesien baie tyd en energie bestee moet word om die Beswaarskrifte en Appèlle ordelik te behandel en af te handel;
• spanning tussen kerke en kerklike vergaderings in die kerkverband, asook ampsdraers en lidmate onder mekaar;
• die ondergrawing/ondermyning van die of integriteit van Sinodebesluite in die algemeen;
• aftakeling van onderlinge vertroue.
2. Omdat hierdie saak al die kerke in die kerkverband raak, is dit ooreenkomstig KO, art 30 noodsaaklik dat die kerke tesame in die Algemene Sinode hieroor klarigheid gee en uitspraak lewer.

**17.2. Adviesvraag Streeksinode Noordwes (Art. 21.5)**
17.2.1 Besluit oor opdrag oor Studiedeputate

14.2.2 Voorgestelde Mandaat vir studiedeputate:
"As Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika buig ons nederig voor ons Here oor die kerklike spanning wat tans binne die GKSA heers terwyl ons Here ons roep om mekaar in liefde te verdra en ernstig te strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede (Efesiërs 4:1-2). Daarom wys die Sinode Deputate aan om advies vir die volgende Algemene Sinode voor te berei:
1. Hierdie advies handel oor die vraag hoe kerke teenoor mekaar behoort op te tree wanneer kerke nie die GKSA se kerklike besluite kragtens KO, art 31, oor onder andere vroue in die amp van ouderling en predikant handhaaf nie.
2. Hierdie advies word voorberei teen die agtergrond van die Beskrywingspunte wat tydens Sinode 2023 (21.3, 21.5, 21.6) aanvaar is en lewer uiteindelik 'n antwoord op die Beskrywingspunte.
3. Hierdie advies word voorberei op grond van die Skrif, Belydenis en Kerkorde.
4. Hierdie advies word voorberei deur ook buitelandse kerke te raadpleeg.

Terwyl hierdie Deputate biddend en gelei deur die Gees hul advies voorberei, roep ons as kerke mekaar op om ootmoedig, lankmoedig en genadig wedersyds met mekaar te leef, terwyl ons mekaar vertrou en liefhet omdat die Gees ons één gemaak het!
Besluit: Die voorgestelde Mandaat word soos gewysig aanvaar. "

## 18. Sinode 2026

### 18.1 Brief aan kerke

" 8 Januarie 2026

Aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

*Geagte Kerkraad, broers en susters*

Die kerke worstel sedert 1988 met die vraagstuk rondom die diens van susters in ons kerke, meer spesifiek rondom die diens van ouderling en Bedienaar van die Woord. Sinode 2009 het die volgende besluit geneem:
**"Die vergadering besluit volgens die goedgekeurde aanbeveling, pt. 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie…"**

Nieteenstaande hierdie besluit het sommige gemeentes voortgegaan om vroue in die diens van ouderling te bevestig. Die binding aan besluite van Sinodes (art. 31 KO) kom sodoende in gedrang. Die noodwendige gevolg hiervan was en is dat daar groot spanning in die kerkverband ontstaan het. Sinode 2023 het derhalwe aan studiedeputate die opdrag gegee om die kerke te lei oor wat gedoen behoort te word wanneer daar gemeentes is wat nie aan die voorgenoemde besluit hou nie.

Die Algemene Sinode van 2026 het die volgende besluit geneem:
*1 Die nie-onderhouding van Sinodebesluite insake VIDA kom neer op self-losmaking van die kerkverband.*
*2 Kerke word opgeroep om hulle te bekeer en in gehoorsaamheid aan Christus sinodebesluite te handhaaf. Die Sinode roep kerke, wat hulle nie aan die Sinodebesluite insake VIDA hou nie, op om die eenheid in die kerkverband te soek en te beleef.*
*3 Aan die betrokke kerke word 'n jaar tyd gegee om hulle besluit om vroue in die ouderlingamp te bevestig terug te trek en met die daad reg te stel deur vroue wat wel in die amp bevestig is, losmaking te gee. Klassisse het die verantwoordelikheid om hierdie betrokke kerke pastoraal by te staan.*
*4 Indien 'n kerk na daardie tyd voortgaan om nie by die Sinodebesluite te hou nie, word met droefheid deur die klassis aan die gemeentes in die GKSA gekonstateer dat daardie kerk ongehoorsaam aan Christus is en haarself van die GKSA as een kerklike gemeenskap losgemaak het.*
*5 Indien 'n Klassis in gebreke bly om dit te doen, sal die betrokke Streeksinode die feit konstateer. Indien die betrokke Streeksinode in gebreke bly om dit te doen, sal 'n volgende Algemene Sinode dit doen.*

*6 Indien klassisse of Streeksinodes advies benodig rakende die hantering van praktiese gevolge (byvoorbeeld eiendomme, versorging en finansies), staan dit hulle vry om Deputate wat aangewys kan word, te kontak.*

Bogenoemde besluit en oproep kom uit 'n diep besef van ons gesamentlike roeping voor die Here. Christus regeer sy kerk deur sy Woord en Gees en Hy roep ons tot gehoorsaamheid, ook wanneer dit vir ons moeilik is of teen die tydsgees indruis.
Daarom doen ons 'n ernstige, broederlike en liefdevolle beroep op alle kerkrade en lidmate om hulself voor die Here te ondersoek sodat ons in ootmoed na die Skrif luister en die besluite van die kerke eerbiedig.
Die pad van eenheid in die waarheid vra dat ons mekaar nie net verdra nie, maar ook aanspreek en begelei, sodat die band van vrede nie verbreek word nie. Mag die Here ons almal lei tot bekering waar dit nodig is, tot wysheid in ons optrede, en tot 'n hernude toewyding aan die eenheid en heiligheid van sy kerk, tot eer van sy Naam.
Namens die sinode, u broers in Christus

Dr. GJ Meijer
Voorsitter

Dr. CA Jansen
Skriba"

18.2 Besluit oor die hantering van kredensiebriewe.

**28.3 BESKRYWINGSPUNT – STREEKSINODE PRETORIA – HANTERING VAN KREDENSIE TYDENS MEERDERE VERGADERINGS**

(Die beskrywingspunt behoort volledig geplaas te word, met Sinodebesluit. Dit is nog nie beskikbaar nie, maar sal bygevoeg word sodra Acta Sinode 2026 beskikbaar is.: – Peet Coetzee)

**Dokument voorberei deur ds Peet Coetzee – enige byvoegings om dit meer volledig te maak sal verwelkom word. (peetcoetzee@lantic.net)**

Ds. P.A. Coetzee
Jongensfontein
Stilbaai
7 Februarie 2026.